

Waarheid & dwaling

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

JAARGANG 8, NO 4 APRIL 2002

REDAKSIONEEL

Ons glo almal met die hart en bely met die mond

Dink gelowige gereformeerdes almal presies dieselfde? Tree hulle almal in dieselfde situasie op dieselfde manier op? Nee, hulle is gelukkig nie almal eenders nie. Die Skepper maak elke skepsel uniek. Elkeen van sy kinders het sy eie gawes en talente, sy eie karakter, sy eie moontlikhede wat in die diens aan God verwerklik kan en moet word.

Gereformeerde kerke word nie gekenmerk deur eenderse mense nie. Kerke van Christus is een *in geloof*. Die lidmate glo almal met die hart en bely met die mond. Die opskrif hierbo is die eerste woorde van die Nederlandse Geloofs-belydenis. Hierdie woorde wys op die band wat die gelowiges in die kerk van die Here saambind.

Wat glo ons almal? Wat bely ons almal? Dit wat ons bely in ons drie formuliere van eenheid. Waaroor ons ook al verskil – in dit wat ons bely, is ons een en eensgesind.

Glo ons woorde van mense? Nee, ons glo in die Here. Ons glo sy Woord. Ons beaam dié geloof in ons belydenis. Is die belydenis dan nie deur mense opgestel nie? Sekerlik. As enigiets daarin verander moet word, doen ons dit saam, as kerke, in ons kerklike vergaderings.

Ons glo almal met die hart en bely met die mond ... Alle belydende lidmate het dit beaam toe hulle belydenis van geloof gedoen het. By elke kinderdoop beaam die ouers hierdie belydenis weer en belowe hulle om hulle kinders in dié leer te onderrig en te laat onderrig. Elke broeder wat in 'n besondere amp bevestig word, beaam opnuut die belydenis en belowe om in sy diens die algemene geloof van die kerk uit te

dra, aanvalle daarop te weerstaan en niks te leer wat daarmee in stryd is nie.

Ons glo almal met die hart en bely met die mond ... Doen ons dit binne ons kerkverband? As iemand in 'n boek verklaar: Die Skrif is 'n loergaatjie na God, menslike getuigenis oor God, wat doen die plaaslike kerk, die betrokke klassis en ander kerke? Glo ons nog almal met die hart en bely ons almal met die mond wat ons in artikels twee tot sewe van hierdie belydenis beaam? Bind ons elkeen daaraan?

As buite-Bybelse gegewens aangewend word om van die letterlike tekste (gebooie) van die Skrif af te wyk, glo ons dan nog almal met die hart en bely ons dan nog saam met die mond wat ons in die genoemde artikels oor ons Skrif-geloof bely?

Lewe ons nog saam as kerke, wanneer sommige gemeentes in afwyking van ons kerklike jawoorde vroue in besondere ampte bevestig en afwykende liturgiese fratse invoer?

Die nuutste saak wat die kerke toets of reeds getoets het, is die nuwe Cloete-omdigting van die Psalmboek. Die vraag kom na vore: Mag ons die aanvaarding van dié beryming – al dan nie – as 'n sogenaamde middelmatige saak beskou, as 'n verskil waarin ons nie eenders hoef te wees nie? Of gaan dit ook in hierdie saak oor die bewaring van ons eenheid in geloof?

Ons glo almal met die hart en bely met die mond ... Mag die Here ons blywend as belyers van een geloof saambind, met bewaring van dié eenheid en met liefdevolle en tydigte leertug. Tot behoud van dwalendes en bowenal tot behoud van sy kerke by sy lewende Woord.

SKRIFOORDENKING

Verkiesing tot verbondsonderrig

Dr AH Bogaards, Daniëlskuil

Genesis 18:17-19

Daarop sê die HERE: Sal Ek vir Abraham verberg wat Ek gaan doen, terwyl Abraham tog sekerlik 'n groot en magtige nasie sal word en al die nasies van die aarde in hom geseën sal word? Want Ek het hom verkies, dat hy aan sy kinders en sy huis ná hom bevel sou gee dat hulle die weg van die HERE moet hou om geregtigheid en reg te doen; sodat die HERE oor Abraham kan bring wat Hy oor hom gespreek het.

1 Joh 4:6

“Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling”

INHOUD

- 1 **Redaksioneel**
Ons glo almal met die hart en bely met die mond
- 1 **Skrifoordenking**
Verkiesing tot verbondsonderrig
Dr AH Bogaards
- 4 **Fokus**
Inter- of intra-kerklike liedboek
Ds ALA Buys
- 5 **Op die kerkerf**
 - Nuus oor toetsing van berymde Psalms
 - Beryming deur en vir Gereformeerde kerkeDr JG Meijer
- 6 **Regsmediese etiek**
Eutanasie.
Regsbeginsels en bybels gefundeerde oorwegings (2)
Dr AH van den Bout
- 9 **Rekenaar en internet**
Nog 'n biblioteek van klassieke werke. Reformation Classics
Dr AH Bogaards
- 9 **'n Rand per week vir die biblioteek**
Eindredakteur
- 10 **Persskou**
 - Regte medisyne
 - ... en verkeerde medisyneDs GJ Meijer
- 12 **Gebed van Calvyn**

Die administrasie wil die lesers wat nog nie intekengelde vir hierdie jaar inbetaal het nie, herinner om dit asseblief so spoedig as moontlik te doen.

Vir administrasie doeleindes benodig ons by bankdeposito's 'n duidelike verwysingsnaam.

Posorders moet aan JM Das uitgemaak word.

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Voorsitter:

Dr AH van den Bout
Tel (012) 332-2988
E-pos: vdenbout@mweb.co.za

Redaksie:

Ds ALA Buys
A Juyn
Ds GJ Meijer
Dr JG Meijer
Ds SJMS Smit

Eindredaksie:

Dr JG Meijer
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 329-1465
E-pos:
jgmeijer@cybertrade.co.za

Medewerkers:

Dr AH Bogaards
Dr JM Boon
Prof JC Coetzee
Prof GJC Jordaan
Dr AH van den Bout

Administrasie-adres:

Waarheid en Dwaling
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 335-9134
(Mev Hanneke Das)

Bankrekeningnr:

Spaarrekening 9054701904
ABSA
Pretoria Waverley Plaza

Intekengeld:

R 100 per jaar

Taalkundige versorging:

Mev Rita Botha

Tegniese versorging:

Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031
E-pos: printbur@mweb.co.za

God verkies ons nie alleen tot saligheid nie. Hy verkies ons ook om 'n besondere taak te verrig. Daarby kan 'n mens onder andere dink aan die taak van ouerskap en spesifiek verbondsonderrig.

Die HERE verkies Abraham

Op 'n sekere dag het Abraham hoë besoek gekry. Drie gaste het by hom opgedaag. Dit was nie sommer sulke gaste nie, maar een van die drie was die HERE self. Tydens dié besoek het die HERE weereens sy belofte aan Abraham herhaal: Hy sal 'n seun ontvang. Dit was 'n heel besondere belofte, want uit daardie seun, uit sy nageslag, sou uiteindelik die Redder van die wêreld, die Christus, gebore word.

Dit moes vir Abraham heerlik gewees het. Hy en sy vrou het moeite gehad om nog aan God se beloftes vas te hou. Hulle het alreeds so lank daarop gewag en dit het nog steeds nie gebeur nie. Het die HERE nie al miskien daarvan vergeet nie? In hulle geloofsworsteling kom die HERE hulle te hulp deur sy belofte te herhaal. Dit doen Hy ook in die doop. Die doop is niks anders as 'n versekering van God se kant af nie, 'n waarborg aan ons dat Hy sy beloftes aan ons nie vergeet nie.

Na die besoek het die manne opgestaan en hulle blik veelbetekenend opgeslaan in die rigting van Sodom. So staan dit in vers 16. In daardie sinnetjie lê iets onheilspellends. Iets vreesliks was vir daardie goddelose wêreldstad in aantog, want die donker wolke van God se naderende oordeel het begin saampak. In dié vers hoor ons alreeds in die verte sy oordeel dreigend donder.

Dan begin die HERE met Homself beraadslaag: 'Sal Ek vir Abraham verberg wat Ek gaan doen...?' Sal Hy teenoor Abraham swyg oor sy komende oordeel oor Sodom en Gomorra? Die antwoord daarop is duidelik: Nee, Abraham moet daarvan weet. Die HERE motiveer sy besluit so: Dit moet aan Abraham bekend gemaak word 'want Ek het hom verkies ...' (vers 19).

Die HERE verkies Abraham om te onderrig

In vers 19 staan daar waartoe die HERE Abraham verkies het: 'Want Ek het hom verkies, sodat...'. Daar is dus sprake van 'n sodat, 'n doel, wanneer die HERE uitverkies. Die HERE het 'n heel besondere bedoeling wanneer Hy mense uitverkies. Die HERE verkies altyd met die oog op diens. Hy kies mense uit met die oog daarop dat hulle iets vir Hom sal doen.

Die HERE het Abraham verkies om 'n baie besondere amp te beklee en te vervul. Wat dit is, sê Hy in geen onduidelike taal nie: 'Want Ek het hom verkies, dat hy aan sy kinders en sy huis na hom bevel sou gee dat hulle die weg van die HERE moet hou om geregtigheid en reg te doen....'.

Eenvoudig gestel: Die HERE het Abraham uitverkies om profeet te wees. Heel in die besonder: profeet in sy huis, profeet vir sy huisgenote. Hy moet huisgodsdien hou. Hy moet hulle onderrig in die dinge van die HERE.

Dit doen die HERE vandag nog. Hy verkies ons, nie maar net om hemel toe te gaan en glad nie om salig agteroor te sit in die trein op weg na die nuwe aarde nie. Ons word nie verkies om niks te doen nie, maar God verkies ons tot diens, om iets vir Hom te doen. Een van daardie take is om die evangelie aan die volgende geslag oor te dra. Doen ons dit nog? Staan die huisgodsdienaltaar nog in u huis?

Abraham as *gesinshoof* ontvang die opdrag. Hy as vader kry die bevel. Hy moet dit doen. Hy moet die leiding gee. Ons as vaders mag dit nie aan ons gesinne oorlaat om dit maar self te doen nie. Ons het die plig van die HERE gekry en ons het daardie eis nie nagekom as ons elkeen maar op hulle eie uit die Bybel laat lees en as ons ons kinders aan hulself oorlaat om die katekisasie onder die knie te kry nie.

Dit is verder opvallend hoe Abraham se taak omskryf word. Daar staan nie 'opvoed' nie, maar heel opmerklik '*beveel*'..., 'dat hy aan sy kinders en sy huis ná hom *bevel* sou gee dat hulle die weg van die HERE moet hou...'.

Vaders, julle vra dus julle kinders nie vriendelik om hierdie of daardie gebod van God te hou nie, maar julle *beveel* dit. Dié woordjie spel een ding: Vaders het gesag. Daardie gesag kom van bo af. Die HERE het dit vir julle gegee. Hy sê immers in hierdie teks dat Hy aan Abraham en aan alle ouers die opdrag gegee het om hulle kinders te beveel. Agter julle gesag as ouers staan daarom die HERE self in eie persoon. Dit moet kinders altyd baie goed onthou.

Ons moet ons kinders beveel. Helaas is hierdie bybelse eis nie meer die standpunt van die moderne ouer nie. Ons hoor eerder: Ons kinders moet vrygelaat word. Hulle moet self kan kies wat hulle wil doen en wat hulle nie wil doen nie. Hulle moet self besluit of hulle kerk toe wil gaan, na 'n dansparty of wat ook al.

So 'n standpunt klink baie liefderyk, maar dit is dit allermins. 'n Ouer wat toelaat dat sy kind op die verkeerde pad loop en op 'n heillose weg teen God se gebooue ingaan, is allermins 'n liefdevolle, goeie ouer. Daarby sê die Skrif: 'n Seun wat aan homself oorgelaat word, maak sy moeder tot skande. Dit is 'n waarheid wat vele ouers tot hulle bitter smart ervaar het.

Die HERE verkies Abraham om sy kinders te onderwys in die weg van die HERE

Wat moet ons kinders leer? Die lesinhoud word gegee: 'Dat hulle die weg van die HERE moet hou om geregtigheid en reg te doen'.

Ons sal by ons kinders moet tuisbring dat daar maar een weg is en dit is nie die weg van die wêreld of die weg van ons eie goeddunke nie. Die HERE sê aan Abraham baie presies wat daardie regte pad is: Dit is om geregtigheid en reg te doen. Eenvoudiger gesê: Dit is om ons te laat lei deur die gebooe en die woorde van die HERE.

Ons moet ons kinders vertel van die groot dade van die HERE. Ons moet hulle bekendmaak met God: Wie en Wat Hy is. Ons moet vir hulle sê dat Hy groot en heilig en heerlik is, dat Hy beklee is met mag en majesteit. Ons moet hulle ook vertel dat Hy genadig en barmhartig is, dat Hy lankmoedig en geduldig is en groot van verbondsliefde. Ons moet ook met vreugde aan hulle verkondig dat God ryk is in vergiffenis.

Maar daar is ook nog iets van God wat ons kinders moet weet en dit kom ter sprake in die hele Genesis 18. Die HERE wil Abraham naamlik van *iets* op die hoogte stel. Daar is iets wat Hy nie vir hom wil verberg nie. Abraham moet dit weet. Maar het Abraham die HERE dan nie geken nie? Ja, seker. Hy het God nou alreeds leer ken as die roepende God, die genadige God, die verlossende God en die bewarende God. Maar nou sal Abraham die HERE ook van heel naby leer ken as die Regter, as die oordelende God, as die absoluut regverdige God. Sy gerig oor Sodom wil Hy aan Abraham openbaar.

O, sê u, maar moet ons en ons kinders dit ook van die HERE weet? Inderdaad. Die HERE wil hê dat Abraham en die kerk van alle eeue dit sal weet. Juis daarom gaan die HERE dit aan Abraham onthul en gaan Hy dit nie vir Homself hou nie. Abraham se nageslag - dit is die kerk, ons ingesluit - moet ook daarvan kennis dra. Abraham en alle vaders na hom moet dit aan hulle kinders oordra.

Abraham moet kennis dra van God se toorn en gerig oor Sodom. Hierdie kennis staan in die allernouste verband met die opdrag wat hy van die HERE ontvang naamlik dat hy sy kinders moet vertel van die weg van die HERE. Want in die vreeslike uiteinde van Sodom laat die HERE sien wat die uiteinde is van almal wat sy weg verlaat. Daarom maak die HERE aan Abraham bekend wat Hy gaan doen, sodat hy ook aan sy kinders sal laat weet watter God hulle het: 'n God wat nie oor Hom laat loop nie, wat nie sy reg laat vertrap nie, wat dit nie kan verdra as ons eiewillige paaie inslaan nie.

Ons mag nooit halwe waarhede aan ons kinders vertel nie. God is liefde. Dit is waar. Sy liefde is volmaak. Daarom kan Hy Hom ook vertoorn. Só is God! Wie sy liefde vertrap, het smart op smart te vrese! Ouers, vertel dit ook aan julle kinders!

Hy is 'n God wat nie doof is vir die roepstem van ons sonde

nie. In vers 20 staan daar: 'Verder het die HERE gesê: Die geroep oor Sodom en Gomorra is waarlik groot'. In 'n groot stad is daar baie geraas. Daar is byvoorbeeld die gebruiklike straatrumoer: die gepraat en geskreeu van mense en die geluid van voertuie. Wat kon 'n mens nie alles in die strate van Sodom hoor nie? Die skaterlag en die skreeu van angs, die geboortekreet en die doodsnik. Dit is eintlik 'n geroesemoes van geluide wat die strate en die pleine vul. Maar die HERE hoor nog 'n geluid, 'n roep wat onophoudelik tot Hom kom: die roep van die sonde. Dit roep om straf. Meermale in die Bybel word die sonde voorgestel as 'n roepstem wat ten hemele klim en roep om God se verbondswraak. Dit is 'n roepstem waarvoor God nie hardhorend is nie. Daarvan is die verskriklike lot van Sodom vir ons 'n waarskuwende voorbeeld - 'n voorbeeld om oor te vertel.

Sodom was 'n heidense stad wat minder van God geweet het as ons. Ons weet meer as hulle. Ons het die Bybel, Gods heerlike evangelie. Maar weet u dat daardie groter kennis ons verantwoordelikheid des te groter maak? Want moenie vergeet nie dat Jesus self vir die kerk van sy tyd gesê het: Dit sal vir Sodom en Gomorra verdraagliker wees in die oordeelsdag as vir julle. Daarmee het Hy bedoel: As ons teen ons beterswete sondig en as ons sondig terwyl God se genade in so 'n ryk mate aangebied is, ontvang ons 'n soveel swaarder straf.

Aan Kain sê die HERE: Die stem van die bloed van jou broer roep van die aarde af. So weergalm ook ons sondes tot in God se hemelse paleis en dit kom tot voor sy regterstoel. Nie een van ons sondes gaan onopgemerk by Hom verby nie. Maar genadiglik is daar nog 'n ander roepstem. Dit moet ons ook aan ons kinders vertel. Daarvan lees ons in Hebreërs 12:24: Die stem van die bloed van Christus wat van beter dinge praat as die bloed van Abel. Die bloed van Abel roep om straf, maar die bloed van Christus pleit om vergiffenis. Ouers, leer julle kinders om agter daardie bloed te skuil met hulle sondes. Dan is hulle veilig teen die ewige gerig van God, waarvan Sodom maar 'n klein afskaduwing was.

Nee, die bloed van Christus kan nooit 'n verskoning wees om nou maar aan te hou sondig nie. Wie meen hy kan nou maar onbekeerd voortleef omdat Christus immers alles betaal het, het reeds die skuilplek van die bloed van die kruis verlaat. Hy staan onbeskermd op die dag van Christus se wederkoms.

Op ons as ouers rus die dure plig om ons kinders te leer van genade en van liefde, maar ook van oordeel en gerig. Op ons rus die ernstige verantwoordelikheid om hulle te wys op Hom wat die weg en die waarheid en die lewe is: Jesus Christus, onse Here.

**Dominee SJMS (Faan) Smit, een van ons redakteurs,
ondervind gedurende die laaste tyd in sy persoonlike lewe teenslae. In dié tyd neem die Here sy enigste broer skielik tot Hom. Mag dominee Faan en alle ander betrokkenes in hulle verdriet deur ons Goeie Herde vertrous en versterk word om – verdiep in die geloof – hulle diens aan Hom te verrig.**

'Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met My: u stok en u staf dié vertrous my.'

Psalm 23:4.

Redaksie en Administrasie

Inter- of intra-kerklike liedboek

Ds ALA Buys, Pietersburg-Noord

Dis die 'die' in die titel wat pla. Daar word groot gewag gemaak van die 'Liedboek van die kerk' wat onlangs verskyn het. Binne die gereformeerde kerke is daar 'n druk diskussie oor die aangeleentheid. Sommige sien die nuwe liedboek as reformasie, die regte woorde met die regte wysie op die regte tyd. Die nuwe liedboek is dan juis met groot dankbaarheid teenoor die Here op reformasie-Sondag deur die NG Kerk in gebruik geneem. Ander weer wil die Here nie dank vir die liedboek nie. Intendeel, hulle sien daarin juis 'n dreigende deformasie. Beskuldigings en verdedigings vlieg heen en weer en die gewoel gaan nog redelik lank duur.

Die of 'n

En tog kyk baie die 'die' in die titel mis. Dis nogal iets om te sê: 'n nuwe liedboek vir die kerk. Geloof gaan altyd oor 'die', nie oor 'n onbeduidendheid nie. Geloof is nie 'n onbepaalde voornaamwoord nie (al sal baie nou juis daarvan 'n postmoderne sooi-brandjie afsluk). Ons glo in Jesus die Christus, ons glo aan die kerk. Nie maar 'n Christus vir 'n kerk nie.

Die kerk met geloof is ook 'n Woordbesingende kerk. Om te sing is om te jubel oor die Christus vir die kerk. En die woorde en note wat saamgebundel is in 'n boek moet die titel dra van: dit is die sang Woord van die kerk, die ware kerk. Daaroor kan niemand stry nie. Die nuwe liedboek van die NG Kerk bied homself aan as 'n geloofsboek vir die ware kerk. Dit is implisiet in die titel vasgelê. Trouens dit hoort so. Die postmodernisme sou 'n motgat in die boek gevreet het as die titel sou lui: Die liedboek vir 'n kerk, 'n sekere kerk. Nee, die kerk wil en moet sing tot die Christus van God; daarom hoort 'n 'die' in die titel van die kerk se liedboek.

Maar die Here Jesus self sê vir die kerk: Nie almal wat vir my sê 'Here, Here', sal ingaan in die koninkryk van God nie. Die nuwe liedboek maak aanspraak om die ware kerk se boek te wees, maar is dit? Die nuwe liedboek - en die klippekouery en haarklowery en moddergooiery èn (dareem ook nog plek-plek) eerlike eksegeese en liefdevolle gesprek moet nie ten eerste gaan oor wat die kerk moet sing nie, maar oor wie die ware kerk is. Wat hier volg is lanklaas in Suid-Afrika gevra: Wie is die ware kerk van die Christus hier?

Die ware kerk moet nie vals sing nie

'n Bloedstollende gevaarlike vraag. Gevaarlik omdat almal wat Christus as Verlosser aangeneem het, vir hulleself die ere naam 'die kerk' wil opeis. Die kerke en die kerkverbande in Suid-Afrika hou hulle nie baie besig met die vraag na die ware kerk nie. Daar is baie pogings tot samewerking en selfs vereniging (vgl. die NG Kerk 'familie' se toenaderings tot mekaar) maar daar is min moed om te vra: Wie is die ware kerk?

Vroeër jare sou hierdie vraag vir die gemiddelde gereformeerde belydeniskatkinsant 'n uitgemaakte saak gewees het. Ons is die ware kerk, en die ware kerk maak soos ons maak. Soos die tollenaar is daar dikwels op die bors geslaan en 'n geslaagde sug geslaak: 'Ek dank u, Here, dat ek nie soos een van hulle - wat probeer kerk wees - is nie'. Maar mettertyd het die vraag

na die ware kerk verdwyn; dit het 'n kerk van die wolke geword. Sien, daar is die onsigbare kerk. God weet wie syne is, Hy sien. Daarom maak kerkverband nie so veel saak nie, solank jy maar glo dat Jesus jou Verlosser is. Jy kan maar min of meer kerk jy wil, solank dit binne die 'susterkerke' is ('n mooi naam vir 'n baie lelike ding).

Stelselmatig het die saligheidsvraag die gehoorsaamheidsvraag verdring. Daar mag dan nie meer gevra word: Nou dat jy in Jesus Christus glo, noudat jy 'n uitverkorene is, hoe lyk die gehoorsame kerk dan nou? (vgl. NGB, artikels 27-30). Nee, die sigbare kerk - as ware kerk - is heeltal verdring met 'n heerlik onbewysbare dobberende hemelse onsigbare kerk - nou gesien as die ware kerk. En dan kom daar 'n o so sataniese tevredenheid met die geskurdheid van die kerk in verskillende verbandstukke. Dan word die geroep om een nagmaalstafel - as die ware kerk nog 'n tafel sal oorhê as die postmoderne meuletjie daarvoor gemaak het - stilgemaak in 'n versoenende gebaartjie dat ons oor en weer mekaar se kerklike funksies bywoon. Interkerklike versoeningsgebare. Daar word saamgewerk maar nie saam aanbid nie. Een keer 'n jaar, hoogstens, met 'n hemelvaart of so word gepoog om saam te aanbid, sonder om te huil of dit skandelik te ag dat ons die res van die jaar kerklik ver weg van mekaar af leef.

Waar die sigbare kerk as ware kerk verdring word, daar word die note van 'n liedboek vals as mens vra hoe moet die kerk sing, Totiaans of Cloeteaans, sonder om te vra: Wie is die ware kerk wat so moet sing?

Teologies noem ons hierdie teorie die pluriformiteitsidee oor die kerk. Dat die ware kerk vele verskyningsvorme mag hê. En die een mag die ander nie verkwalik of lastig val met hoogmoedige vragies oor die ware kerk nie. Laat ons liedboeke uitruil en omruil sonder om te vra wie is die valse kerk wat vals sing. Interkerklike dit en dat het so hoog mode geword. Dit word gesien as goeie samewerking sonder om jou eie prys te gee. Maar interkerklikheid bestaan nie. Twee kerke wat naas mekaar staan en albei verklaar dat hy die ware kerk is (en daarom die ware lied in die liedboek van die kerk mag sing) maar geen moeite doen om nie meer los van mekaar te bestaan nie, bedroef die Heilige Gees en sing sy lied vals. Interkerklikheid is sonde. Interkerklike gesingery is 'n babelse geraas wat opgeklits word om te klink soos 'n engelekoor. Intra-kerklikheid bestaan wel; dat jy binne die ware kerk met ander gemeentes deel dit waarmee God jou geseën het.

Hoogmoed?

Kritiek teen hierdie onderskeiding sal sekerlik nie uitbly nie. Want dit het mos nou die handige wapen geword van die postmoderne verdedigers van die pluriformiteitsidee wat hulle silwer pyle so behendig slyp. Braak gal oor hierdie hoogmoed. Sê-vra-skreeu: Wie is jy om jouself die naam ware kerk toe te eien? Los dit vir Christus. Hy kan in die harte sien. Waarsku almal wat hierdie artikel lees: So lyk neergeskryfde hoogmoed voor God en die mense. So lyk skynbedrog oor die ware kerk. So lyk 'n ketter. Maar laat ons maar rustig die (geensins nuwe of oorspronklike) kritiek by voorbaat antwoord.

Die vraag na die ware kerk is 'n nodige vraag, juis vir die gereformeerde kerke oor onself en oor die ander sogenaamde 'susterkerke', veral die NG Kerk. Dis 'n nodige vraag wat roep om 'n tydig antwoord. Dis 'n vraag wat alleen uit geloof beantwoord kan word. Geloof wat met 'n 'die' werk en nie net met 'n kerk nie. Die vraag oor die ware kerk wat gebore word uit 'n ware geloof, is nie 'n saligheidskwessie nie, maar 'n saak van gehoorsaamheid. Dis 'n verbondsvraag. Wie komponeer die wettige note en wie dig die wettige woorde? Dis juis hoogmoed teen God om te maak asof hierdie saak nie duidelik is nie. Die liedboek vir die kerk moet ernstig opgeneem word, maar dan moet ons vra: Is ons die ware kerk? Sing die ware kerk so? En laat ons nou maar vir eers daardie vraag op die agtergrond plaas of dit die sogenaamde Cloete beryming gaan wees of nie. Hoe lyk gehoorsame sing, en hoe lyk gehoorsame saamsing?

Konserwatisme en postmodernisme is ongereformeerde. Die ware kerk beoordeel alles of dit uit God is of nie. En as iets op jou tafel kom met die titel: 'So sing die ware kerk', dan moet ons daardie aanspraak met erns opneem en beoordeel of dit so is of nie. Twee dinge moet nie gebeur nie; teen twee dinge moet die ware kerk waak.

Aan die een kant is dit nie gereformeerde om 'n ongebreidelde konserwatis te wees nie. Want weereens, die ware sigbare (as ons nou die term moet gebruik) kerk gaan nie ten eerste oor die saligheidsvraag nie, maar oor die gehoorsaamheid aan jou Saligmaker. Oor die Woord. Niemand mag dus sê: Ek glo in Jesus Christus, ek hou nie van nuwe dinge nie, ek hou nie van dinge uit die NG kerk nie, daarom hou ek nie van die nuwe liedboek nie, en dis daarom nie des doppers nie. Nie alles uit die verlede is net goed nie.

Maar die mes sny na twee kante toe. Aan die ander kant mag niemand na die nuwe liedboek gryp as manna uit die hemel om inherente deformasie in die gereformeerde kerke toe te smeer en te besweer nie. Die nuwe liedboek gaan nie die gereformeerde kerke meer of minder gebruikers- en verbruikersvriendelik maak, solank daar nie 'n antwoord op die vraag na die ware kerk is nie. Gereformeerde kerke wat nie hulle sendingopdrag, weereens - in gehoorsaamheid as ware kerk - nakom nie, gaan nie oorval word met nuwe heidene wat aan die deur klop en tou staan om te kom saam sing nie. As jy nie weet wie die ware kerk is nie, sal jy ook nie weet hoe die ware kerk gehoorsaam behoort te sing nie - met of sonder die nuwe liedboek. Gereformeerde gemeentes moet dus versigtig wees om die nuwe liedboek voor die diens in te oefen sonder en teen die kerklike afspraak: Die ware kerk maak nie so nie; die

ware kerk ag die kerkverband hoogheilig en skend dit nie met eiewillige ingebruikneming van 'n boek wat nog onder bespreking is nie. Jy trou byvoorbeeld nie voor jy 'n verlowingsafpraak gemaak het nie; wie dit tog doen, word 'n egbreker genoem. Handhaaf die afspraak in die kerkverband. Moenie dinge deurdrubbel en as de facto in die plaaslike kerk stel nie. Deformasie kan ook 'voor die tyd' ingeoefen word.

Gedring deur die Gees?

Die apostel Paulus waarsku ons om op te pas dat ons mekaar nie naderhand verteer nie. Kom hierdie gesprek oor die liedboek - en die intensiteit daarvan - van die Heilige Gees af? Of lei die Satan ons aan ons neus rond met sinlose strydvrage, sodat ons tog net nie vra: Wie is die ware kerk nie?

Die nuwe liedboek vir die kerk is 'n toets vir die ware kerk op twee vlakke. Ten eerste dat ons alleen maar die Woord as maatstaf gebruik vir beoordeling en tweedens dat ons begin om die deformasie werkende pluriformiteitsidee oor die kerk kragtig aan te spreek en af te sweer. Wat wil Christus hê vir sy kerk - die enigste ware kerk? Gelowiges moet kennis hê van sy wil om waardig voor Hom te wandel, met woord en sang. Om te sê dat die kerk een is en sigbaar een moet wees is nie prewelwoorde van 'n hoogmoedige dwaas nie, dis nie Zaratustra met sy lampie op die markplein nie, dis die Woord van God self: 'Dit is een liggaam en een Gees, soos julle ook geroep is in een hoop van julle roeping; een Here, een geloof, een doop, een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in julle almal is' (Efesiërs 4:4-6).

Een

As die kerk dan een boek moet hê waaruit gesing moet word (dié liedboek), eenstemmig, hoe moet daardie boek dan lyk? Hoe lyk 'n gehoorsame psalmboek vir die ware kerk beoordeel deur die Woord van God? Die kerk moet soos een mens saamsing uit een boek, maar dan moet ons eers een wees. En dit is ons nie. Nòg in die Gereformeerde Kerke nòg in die NG Kerk. Hoe hartverskeurend is dit nie. Wie saam wil sing moet saam wil aanbid, moet saam wil nagmaal vier. Dis tog so eenvoudig. Daar is net een God. Daar is net een kerk, een ware kerk. Daarom moet ons 'n intra-kerklike liedboek hê. 'n Psalmboek wat ons vir mekaar by die nagmaalstafel kan aangee om saam te sing. Een in Christus noot vir noot. Daarom is 'n interkerklike liedboek van die bese self. Want Christus gun ons nie 'n tussenkerklike singery waar ons apart is, en tog sê dat ons een is nie. Sing Hy saam in die heilige vergadering met die interkerklike liedboek?

OP DIE KERKERF

Nuus oor toetsing van berymde Psalms

Dr JG Meijer, Pretoria

Prof. GJC Jordaan deel in sy rubriek 'Redaksioneel' in *Die Kerkblad* van 10 April 2002 mee: 'Mev. Wymie dus Plessis van die Administratiewe Buro wys daarop dat as laaste fase van die keuring van Psalmberymings/-omdigtings prof. PW Buys se hersiening van die Totiusberymings aan die kerke uitgestuur word vir beoordeling'.

Ons neem dankbaar van hierdie nuusflits kennis. Die betrokke deputate neem hierdeur in beginsel ons eerste beswaar teen hulle handeling weg (sien die Februarie-nommer van *Waarheid en dwaling*, bladsy 8). Hulle voldoen nou formeel aan hulle opdrag om nie twee nie maar drie berymings aan die kerke ter toetsing voor te lê. Hulle voldoen egter slegs in beginsel aan

hulle opdrag. Hierdie nuus laat immers die praktiese vraag ontstaan of daar nog genoeg tyd voor die volgende sinode (Januarie 2003) oorbly om oorwoë te kan toets. Dit moet DV deur die volgende sinode beoordeel word.

Die bostaande nuus laat die ander besware onaangetas. Wat die deputate betref – hulle rapport aan die volgende sinode is onvoldoende om tot 'n finale besluit oor psalmberymings te kom, want

1. deputate het deur voortydige publikasie van hulle eie 'mening' rustige, selfstandige en objektiewe toetsing deur kerkrade en lidmate verhinder en
2. deputate se 'mening' is 'n oordeel van mense wat te nou by die hele proses van beryming betrokke was vir 'n oorwoë, skriftuurlike oordeelvorming. Kortom: Die vorige sinode het met die herbenoeming van die deputaatskap die geleentheid gegee dat hulle as 'regters in eie sake' kon optree. Deputate het van dié geleentheid gretig gebruik maak.

Ook ons besware teen die Cloete-omdigtings word nie deur prof. Jordaan se mededeling aangetas nie. Ek vat hierdie inhoudelike besware nogmaals kortliks saam:

1. Die digter het met die Hebreeuse teks en die name van die Here in die Psalms nogal vry omgespring.

2. Die verbondskarakter van die Psalms is in sy beryming weggelaat.
3. Omtrent 30 persent van die tekste is nie berym nie.
4. Die Messias is uit die Psalms wegberym.

Ons maak nog 'n enkele opmerking by die derde en vierde inhoudelike beswaar. Hoe kan enige gelowige hele dele van Psalms in 'n beryming uitsny in die lig van God se dreiging oor byvoeg by en wegneem van sy woorde? Sien Deuteronomium 4:2, 12:32 en Openbaring 22:18-19.

Christus verduidelik vir sy dissipels 'dat alles wat oor Hom geskrywe is ... (ook in die psalms) vervul moet word' (Lukas 24:44-45). Die Psalms is die boek van die Seun van God wat in die ou bedeling in die vlees aan kom was. So sê ons Messias dit self. Hoe kan enige gelowige Hom uit die beryming uitsny en so 'n uitsnyding goedkeur?

As oor die aanvaarbaarheid van hierdie Skrifaanranding in gereformeerde kring nog gediskusseer moet word, het ons dan nog een basis, die heilige Woord van God? Is ons dan nog een in geloof?

Mag die Here aan elkeen van ons gee om aan die hand van hierdie vrae onself en ons kerklike lewe te beproef. En om te doen wat Hom behaag.

Beryming deur en vir gereformeerde kerke

Ds ALA Buys handel in die rubriek 'Fokus' oor die kerklike karakter van ons psalmberyming. Prof. B Spoelstra skryf ook oor hierdie onderwerp in 'n brief aan die redaksie. Hy sê: Totius het nie uit eie beweging die Psalmboek berym nie. Nee, hy het dit in opdrag van die Gereformeerde Kerke gedoen. Hierdie kerke is derhalwe die eienaar van die berymde Psalms. Hulle het die kopiereg.

Twee versoeke

Prof. Spoelstra vra: Kan iemand wat die betrokke handeling van sinodes maklik kan naslaan, ondersoek instel na die totstandkoming van die kerklike Totius-beryming? Ons sal die resultate van die ondersoek in *Waarheid en dwaling* publiseer.

Die tweede versoek – dit hang direk met die eerste versoek

saam: Kan iemand wat die betrokke handeling van sinodes maklik kan naslaan, vir ons verduidelik wie ons deelname aan die totstandkoming van die Cloete-beryming geïnisieer het? Het 'n versoek daartoe van enige plaaslike kerk gekom? Indien nie, op grond van watter reg het 'n sinode van gereformeerde kerke dié saak ter hand geneem?

Psalmberymings is in gereformeerde kerke wêreldwyd met die grootste versigtigheid aanvaar. Kinders leer dit. Ons lewe uit die Psalmboek. Ou mense sterwe met psalms op die lippe. Psalmverse moet die Psalmboek, die leer oor ons enigste troos in die lewe en in die sterwe, suiwer verwoord en verklank. Psalms word in gereformeerde kerke berym om ons lof, dank, smeekbedes, skuldbydenis en diens aan God suiwer te hou. Daarom word die Psalmboek in opdrag van die kerke vir die kerke berym.

REGSMEDIESE ETIEK

Eutanasie

Regsbeginsels en bybels gefundeerde oorwegings (2)

Dr AH van den Bout, Pretoria

By die beoordeling van die regsbeginsels rondom eutanasie is dit belangrik om 'n aantal sake afsonderlik te beskou. Daar sal eerstens vasgestel moet word wat lewe volgens die Skrif beteken en wat kwaliteit lewe volgens die Skrif inhou. Vervolgens sal gekyk moet word wat die Heilige Skrif verstaan onder die dood. Daarby sal dan gekyk moet word wanneer die dood intree en die belang van die vasstelling daarvan. Tweedens sal die begrip van regmatigheid van doodmaak of dood laat gaan beoordeel moet word. Die beoordeling van die regmatigheid sal DV in die derde artikel geskied.

Hierdie bespreking het geensins die pretensie om volledig te wees nie en reaksie van die lesers (wat van ons teologiese, regs- en mediese studente?) word aangemoedig. Om 'n volledige beeld rondom die bybels gefundeerde oorwegings by eutanasie te gee, sal omtrent verg om 'n aantal boeke te

skryf. Die bedoeling van hierdie uiteensetting is slegs om die bybels gefundeerde denkproses aan die gang te sit en om nie klakkeloos 'n slagoffer te word van die wêreld se regsdenke en van wêreldse mediese etiek nie.

Wat is lewe volgens die Bybel?

Lewe is volgens die Skrif 'n gawe van God. God het die mens na sy beeld en na sy gelykenis geskape en God het die mens geseën. God self het die lewensasem in die mens ingeblaas, sodat die liggaam wat Hy geskape het, lewe (Genesis 1 en 2). Die lewe is 'n geskenk. Soos Job in hoofstuk 10:12 sê: 'Die lewe, ja, guns het U aan my bewys, en u sorg het my gees bewaak'. Die Here self skep die mens in die moederskoot - soos Psalm 139 dit stel: 'Ek loof U, omdat ek vreeslik wonderbaar is; wonderbaar is u werke! En my siel weet dit alte goed. My gebeente was vir U nie verborge toe ek in die geheim gemaak is nie, kunstig geweef in die dieptes van die aarde. U oë het my ongevormde klomp gesien, en in u boek is hulle almal opgeskrywe: dae dat alles bepaal was, toe nog geeneen van hulle daar was nie'.

God is die lewende God. Daniël het bekend gestaan as die kneg van die lewende God. Daniël het voor die koning bely dat almal moet bewe en sidder voor die God van Daniel, want Hy is die lewende God en Hy bestaan in ewigheid. God staan bekend as die lewende God wat sy engele stuur (Openbaring 7:2).

'God die Vader', so bely ons in artikel 12 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis, 'het deur sy Woord, dit wil sê deur sy Seun, die hemel en die aarde en alle skepsels uit niks geskep. Hy het aan elke skepsel 'n eie wese, gestalte en voorkoms en onderskeie take gegee om sy Skepper te dien. Hy onderhou en regeer hulle almal nou nog deur sy ewige voorsienigheid en oneindige krag om die mens te dien, sodat die mens sy God kan dien'.

Wat is kwaliteit lewe volgens die Bybel?

Aangesien die mens die lewe van God gekry het, kan 'n christen nie absolute eerbied vir die lewe op sigself hê nie. Die waardigheid en die heiligheid van die lewe word aan die waardigheid en aan die heiligheid van die Here ontleen. God word ook nie deur mensehande gedien asof hy aan iets behoefte het nie, omdat Hyself aan almal lewe en asem en alles gee (Handeling 17:25). Daar word in die Skrif duidelik onderskeid gemaak tussen plantaardige en dierlike lewe aan die een kant en aan menslike lewe aan die ander kant. Waar die Here in Genesis 1:29 plantaardige lewe gegee het om vir die mens tot voedsel te wees, het God oor dierlike lewe in Genesis 9:3 gesê: 'Alles wat beweeg en lewe, sal julle voedsel wees. Net soos die groen plante gee ek dit alles aan julle'. Die gees van 'n mens gaan na die Here, maar die gees van 'n dier hou op om te bestaan.

Dat Christus self ook alle menslike lewe as kwaliteit lewe beskou, word duidelik uit sy genesing van die siekes, kreupeles, lammes en blindes. Die kwaliteit van die menslike lewe word net ontleen aan die mens se Skepper.

Die onderskeid tussen menslike lewe en ander vorme van lewe soos diere en plante is geleë in die intellektuele funksies van die menslike brein. Dit wil egter nie sê dat wanneer die intellektuele funksies van die menslike brein opgehou het om te funksioneer, die lewe van 'n mens dan 'n minderwaardige soort lewe word, minder as dierlike lewe nie. Alhoewel die lewe van mense wat breindood is slegs as biologiese lewe gekenmerk kan word, beteken dit tog nie dat slegs 'n paar organe bly funksioneer en dat die mens self dood is nie. Hierdie skeiding tussen liggaam en siel kan moontlik teruggelei word na die humanistiese rasionalisme van Descartes. Des-

cartes het gesê : Cogito ergo sum: ek dink, dus ek is. Die mens bestaan vir hom slegs uit sy geestelike denkvermoë.

Die belangrikheid van die liggaam word in die Bybel deurentyd benadruk met die herskepping en die opstanding van 'n nuwe liggaam. Wanneer 'n persoon breinskorsdood is, kan hy tog nie dood verklaar word nie, aangesien sy liggaam nog aanhou om selfstandig te funksioneer. Die wese van 'n mens is dus 'n onafskeidbare eenheid van sy liggaam en sy siel. Solank as wat die liggaam lewe is die siel nog nie deur God weggeneem nie. Slegs as die liggaam sterwe word die siel van die gelowige direk by God opgeneem. Die feit dat die intellektuele funksies van 'n mens se brein nie meer kan funksioneer nie, wil dus nie sê dat die menslike siel die menslike liggaam reeds verlaat het nie.

Die spraakgebruik van die wêreld wil 'n mens laat glo dat 'n menslike liggaam sonder intellektuele funksies minderwaardige lewe is. Terme soos *koolkoppe* en *plantaardige lewe* dui op 'n verkeerde beskouing van die mensbeeld wat ons nie in die Heilige Skrif vind nie. Selfs die term *persisterende vegetatiewe toestand* word deur mense gebruik om hierdie minderwaardigheid van die lewe aan te dui. Waar die oorspronklike bedoeling was om aan te dui dat die liggaam nog slegs funksioneer deur die vegetatiewe senuweestelsel en nie deur sy kognitiewe funksies nie, kom die benaming vegetatiewe toestand reeds in beginsel uit 'n verkeerde gedagtegang voort.

Die feit dat daar prosesse - soos die spysverteringsfunksie, bloedsirkulasie en asemhaling - in die liggaam is wat selfstandig deur die breinstam kan funksioneer sonder intellektuele funksies, wil tog nie sê dat hierdie tipe prosesse as plantaardig aangemerkt kan word nie. Daar is niks plantaardigs aan 'n mens nie. Die mens het nie evolusionisties uit een sel ontstaan via plantaardige en dierlike lewe nie. Die mens is afsonderlik deur die Here geskape as die kroon op sy skepping met inherente selfstandige prosesse in die liggaam wat nie onder die wil van 'n mens staan nie. Die feit dat daar geen elektriese aktiwiteit van die breinskors op die EEG gewys kan word nie, degradeer die menslike lewe nie tot plantaardige lewe nie.

Die gemeenskap se regsgevoel (*boni mores*) sal moontlik so dink, maar die gemeenskap, in die algemeen gesien, leef nie volgens die norme van die Skrif nie. Die gemeenskap se regsgevoel is dus nie die riglyn waarvolgens ons die beoordeling van die kwaliteit van lewe moet maak nie. Oor hierdie *boni mores* sal later afsonderlik gehandel word onder die deel van die regmatigheid van die doodmaak of dood laat gaan van menslike lewe.

Elke menslike lewe is vir die Here kosbaar. Hy het dit geskape. Die lewe van die gelowiges is so kosbaar vir Hom dat Hy sy enige Seun gestuur het om sy eie lewe af te lê om hulle van die dood te red. 'Kosbaar is in die oë van die Here die dood van sy gunsgenote' (Psalm 116:15).

Wat is dood volgens die Bybel?

Die dood het deur die sondeval in die wêreld ingekom. En ook al het die Here die moederbelofte in Genesis 3:15 gegee, het Hy ook gesê dat die mens stof is en tot stof sal terugkeer as gevolg van die sonde. 'Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het' (Romeine 5:12). Lewe en dood is in die Here se hand. Ons bely in Sondag 1: 'Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe nie aan myself nie, maar aan my getroue

Verlosser Jesus Christus behoort. Hy bewaar my op so 'n wyse dat, sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my kop kan val nie'. Dood is dus die laaste vyand, maar om in die Here te sterwe, sê Paulus, is die sterwe vir hom wins. 'Die Here maak dood en maak lewend; Hy laat neerdaal in die doderyk en laat daaruit opkom' (1 Samuel 2:6).

Dood word in die Bybel ook as goeie einde gesien na 'n lewe in die Here soos in Job 5:26: 'Op rype leeftyd sal jy na die graf gaan, soos 'n koringgerf ingebring word op sy tyd'. Om dood te gaan beteken dus volgens die Skrif dat die liggaam ophou om te funksioneer en dat die siel van die gelowige onmiddellik by Christus opgeneem word in heerlijkheid.

Daarom verbied God die doodmaak van menslike lewe. Dit is die Here self wat beskik oor lewe en dood. Vir 'n mens om daarvoor te besluit is dus *onregmatig doodmaak*. Om 'n mens dood te maak is om Gods eie handewerk, die ewebeeld van God, te vernietig. In Sondag 40 van die Heidelbergse Kategismus word die sesde gebod selfs nog wyer uitgelê as net die fisiese doodmaak van 'n medeskepsel. Dit wys duidelik op die belang wat die Here aan sy skepping van die mens heg. Daar sal later nog uitvoeriger ingegaan word op doodmaak in verband met die onregmatigheidsaspek daarvan.

Wanneer tree die dood medies gesproke in?

Vroeër is 'n mens as dood beskou as hy opgehou het om asem te haal en as daar geen polsslag meer was nie. Deur die moderne wetenskap met sy resussitasie tegnieke het hierdie begrip van dood verander. Dit het naamlik gebeur dat pasiënte se hart weer begin klop het en pasiënte se asemhaling weer aan die gang gekom het. Maar die pasiënte was breindood. Die begrip *dood* het dus nou verander na die begrip dat daar 'n totale en onomkeerbare verlies moet wees van die liggaam om homself nog in stand te kan hou. Hierby word dan ingesluit die selfstandige prosesse soos asemhaling, die handhaaf van die bloeddruk en ander lewensnoodsaaklike prosesse.

Hierdie basiese sogenaamde vegetatiewe prosesse word deur die breinstam gereguleer. Die brein word onderskei in die breinskors en die breinstam. Die breinskors is die sentrum van intellektuele kapasiteite soos dink en praat en kommunikeer. Die breinstam is die deel van die brein waar die basiese prosesse gereguleer word wat nie onder die wil van 'n mens staan nie. Dit is dus moontlik dat 'n brein dood is vir wat betref sy intellektuele funksies, maar nie dood is vir wat betref sy onafhanklike liggaamsprosesregulering nie.

Dat daar heelwat kontroversie is oor die definisie van dood, ontstaan as gevolg van die feit dat in die mens onderskei word tussen 'n liggaam en 'n intellek. Die mens se wesentlike kenmerke sou dan wees om intellektueel te kan voortbestaan. Indien dit tot 'n einde gekom het deurdat die breinskors dood is, sou die mens doodgegaan het. Maar 'n mens bestaan tog nie net uit 'n breinskors nie. Die mens bestaan tog uit 'n totale brein en 'n totale liggaam. Indien 'n deel van die brein dan nie meer kan funksioneer na sy intellektuele funksie nie, maar nog wel na sy outonome regulerende funksies (soos bloeddruk en asemhaling) dan het die mens nog nie doodgegaan nie. 'n Pasiënt wat in 'n koma lê, maar wat self kan asemhaal en sy bloeddruk kan reguleer, word tog nie dood verklaar nie. So 'n mens mag nie doodgemaak word nie. Dat 'n mens wat breindood is, nie meer kan beweeg of kommunikeer nie, is dus nie as gevolg van die feit dat daar iets fout is met sy gewigte, of spiere, of sy stembande nie. Die probleem is dat

slegs 'n deel van die mens doodgegaan het. Die Here het tog die mens in sy geheel geskape met liggaam en gees. Die belangrikheid van die liggaam word in die Bybel herhaaldelik benadruk deurdat Christus siekes gesond maak, as teken van sy mag oor die sonde.

Dat die liggaam nie onbelangrik is nie, blyk wel uit die feit dat ons eenmaal by die wederkoms van Christus ook 'n nuwe liggaam sal kry. Die mens bly dus na sy sterwe nie net as 'n siel voortbestaan nie, maar sal later weer met sy opstandingsliggaam verenig word tot 'n totale mens.

Die werklike doodproses bestaan dan ook daaruit dat die liggaam, deurdat daar geen sirkulasie meer van bloed en weefselvloeistowwe plaasvind nie en as gevolg van die gebrek aan suurstof, daar 'n selfvernietiging van die liggaam begin. Hierdie sogenaamde outolitiese prosesse het volgens die Skrif as gevolg van die sonde ingetree. God self sê dat ons stof is en tot stof sal terugkeer. Hierdie outolitiese prosesse waarby daar ensieme in die liggaamselle vrygestel word, vernietig die menslike liggaam sodat daar vertering ontstaan en die liggaam later geheel en al tot stof verteer is. Terwyl 'n mens breindood is, vind hierdie verteringsproses nog nie plaas nie. Onder dood sal dus verstaan moet word dat die mens sowel na sy intellektuele funksie asook na sy liggaamsprosesse nie meer funksioneer nie. Oor die regmatigheid om 'n beasemingmasjien af te skakel waar die mens self nie meer sy asemhaling kan reguleer nie, sal later besin word.

Wat is die belang van die vasstelling van die dood?

Die vasstelling van die dood van 'n mens is op allerlei gebiede van betekenis. Nie net moet daar besluit word dat hierdie mens nou begrawe moet word nie, maar ook vir wat betref die regsprosesse vind daar 'n oorgang na 'n ander fase plaas. So kan 'n boedel van 'n persoon nie geërf word voordat die eenaar doodgegaan het nie. Hierdie doodverklaring moet dan ook officieel geskied met officieële dokumentasie sodat dit officieel aangeteken kan word. Vandaar dat dit so moeilik is om iemand dood te laat verklaar wat byvoorbeeld verdwyn het of deur die see weggespoel is.

Dat die reg uitvoerige regulasies het in verband met die doodmaak van menslike lewe en die straf daarvoor, dui daarop dat ook binne die samelewingsverband menslike lewe hoog geag word. In die nuwe grondwet van Suid Afrika is in die menseregte handves artikel 11 opgeneem, wat 'n absolute reg op lewe vir elkeen gee. Die artikel lui: - 'everyone has the right to life'. Hierdie reg op lewe van artikel 11 het saam met 'n aantal ander artikels soos die reg op menslike waardigheid van artikel 10, asook die vryheid en sekuriteit van die persoon van artikel 12, daartoe gelei dat die doodstraf ongrondwetlik verklaar is. In die konstitusionele saak van **S v Makwanyane** is besluit dat selfs 'n moordenaar se reg op lewe sodanig hoog geag word, dat hy ondanks sy erge misdaad van die neem van menslike lewe, nie self daarvoor doodgemaak mag word nie. Die Bybel egter leer ons in Romeine 13:4 dat die owerheid 'n dienaar van God is, jou ten goede. 'Maar as jy kwaad doen, vrees dan; want hy dra die swaard nie verniet nie, want hy is 'n dienaar van God, 'n wreker om die een wat kwaad doen, te straf'.

Verder is dit by orgaantransplantasie belangrik om vas te stel wanneer 'n mens dood is en wanneer sy organe gebruik mag word vir ander mense. Die praktyk wat vandag hier en daar

heers, is dat wanneer 'n mens breinskorsdood is, sy organe reeds geneem kan word vir transplantasie. Hierdie praktyk moet ernstig bevaagteken word, aangesien die dood van 'n mens gedefinieer moet word as 'n totale onomkeerbare verlies van die vermoë van sy liggaam om homself te reguleer deur middel van intellektuele asook selfstandige liggaamsprosesse.

Dood word binne die gemeenskap dan ook verskillend beoordeel. Die regsgevoel van die gemeenskap ken dikwels die reg aan die individu toe om self oor sy eie dood te kan beskik. Die dood word ook dikwels as 'n bevryding gesien, waarby die siel die gevangenis van die menslike liggaam ontvlug (Plato). Die

wêreldse gesindheid soos dit in 1 Korintiërs 15:32 uitgedruk word, is nie onbekend nie. 'As die dode nie opgewek word nie, laat ons dan eet en drink, want môre sterf ons!' As gelowiges sal ons die gesindheid van die wêreld oor die dood moet onderskei van die gesindheid van die Skrif. Hoe sal ons anders die betekenis van die dood reg kan verstaan?

Die volgende en laaste artikel sal DV handel oor die regmatigheid en onregmatigheid van die doodmaak of laat doodgaan van menslike lewe en die finale oorsig oor die bybels gefundeerde standpunt van die mediese en regsbeginne by eutanase.

REKENAAR EN INTERNET

Nog 'n biblioteek van klassieke werke *Reformation Classics*

Dr AH Bogaards, Daniëlskuil

'n Stad van biblioteke, boeke en ensiklopedieë

Wie van biblioteke en ou boeke hou, sal elke oomblik van sy verblyf in stad Internet geniet. Om elke hoek en draai is daar biblioteke, boeke en ensiklopedieë. Die groot standaardwerk *Encyclopaedia Britannica* (<http://www.britannica.com/>) is daar, maar ook meer teologiese ensiklopedieë soos die *Kirchenlexicon* (<http://www.bautz.de/bbkl/>) en die *New Schaff-Herzog Encyclopedia of Religious Knowledge* (<http://www.ccel.org/s/schaff/encyc/>).

Maar ek dwaal af – iets wat maklik met 'n boekwurm soos ek in so 'n boekeparadys gebeur. 'n Biblioteek waarin ek graag rondsnuffel, is *Reformation Classics*. Daarheen wil ek julle eintlik vandag vat. Die adres is die volgende: <http://www.markers.com/ink/classic.htm>

Reformation Links Classics

Kom ek neem u op 'n kort besigtigingstoer.

Op hierdie webwerf sal u 'n massa van Luther se werke kry: sy beroemde kommentaar op Galasiërs, sy 95 stellings en nog baie meer. Daar is 'n baie groot aantal werke van Calvyn, onder andere kosbaarhede soos *Tracts and treatises Volume 1 en 2* en stukke oor sy leer van die uitverkiesing. Daar is ook geskrifte van Beza, Bullinger en Ursinus.

U sal werke van K Schilder en A Kuyper, H Bavinck en B Warfield raakloop. Daar is 'n verskeidenheid werke van Puriteine soos J Owen en CH Spurgeon, die Skotse skrywers R en E Erskine.

En hier moet ek sê: ensovoorts, ensovoorts. U moet maar self gaan kyk. Ek wou u net die pad wys en u nuuskierigheid prikkel.

Ek weet nie hoe om die boeke uit te neem nie

Al wat u moet doen, is om op 'n skakel te klik. As die boek oopmaak, kan u dit op u hardeskyf bêre met die Save As bevel (onder File) van Internet Explorer. Daar is ook programme soos Offline Commander (<http://www.zylox.com/>) en Surfsaver (<http://www.surfsaver.com/>) waarmee u hele webbladsye met skakels en al kan aflaai.

Dis 'n lekker biblioteek hierdie, want wat u uitgeneem het, kan u maar hou. Alles is in die publieke domein.

Die Bybelstudiesentrum en Reformation Classics

Ek wil ook van hierdie boeke versamel vir 'n CD van die Bybelstudiesentrum in Daniëlskuil.

'N RAND PER WEEK VIR DIE BIBLIOTEEK

Die laaste bankstaat wat aan my oorhandig is, dui skenkings tot met die vyfde April aan. Sedert die vorige saldo het daar drie bedrae bygekom, naamlik twee maal R 100 en een maal R 50. Die totale bedrag wat die Stigting ontvang het, beloop tans R 35 200 + R 250 = R 35 450.

Intussen het enkele jongmense in een van die Gereformeerde Kerke 'n mooi houtse kisse vervaardig met die opskrif: 'n Rand (of meer) per week vir die biblioteek. Dié kisse word elke Sondag in die voorportaal van die kerkgebou geplaas. Die jongeres deel mee dat hulle die skenkings maandeliks na die rekening van die Stigting wil oorplaas.

Dit is 'n voorbeeld om na te volg! Hiermee ons hartlike aanbeveling by jongmense in ander gemeentes.

Sommige broeders en susters vra die jong inisiatiefnemers: Watter biblioteek word bedoel? Antwoord: Dit is die ou Hammanskraalse teologiese biblioteek, altans verreweg die

grootste deel daarvan. Die biblioteek kan deur gereformeerdes in en rondom Pretoria gebruik word nadat die boekevoorraad deur enkele kundiges toeganklik gemaak is. Dit is verder die bedoeling om met die oog op optimale gebruik van hierdie kosbare erfenis 'n gereformeerde studiesentrum te stig, tot behoud en uitbou van die gereformeerde lewe.

Die eerste bedrag wat ons nodig het, is R 100 000. Daarna hoop die Stigting om met verdere skenkings hierdie versameling te vergroot.

Voorlopig moet nog omtrent R 65 000 inkom, voordat bogenoemde aktiwiteite ten volle ontplooi kan word. Broeders en susters wat nog nie geskenk het nie – ons wag in die geloof dat die Here ons voornemens wat die diens aan Hom wil bevorder, deur gesamentlike aksie en bydraes tot verwerkliking sal laat kom.

Bydraes kan regstreeks op die bankrekening gedeponeer word.

Die gegewens is:

Stigting vir Gereformeerde Literatuur
Absa Ben Swartstraat Tak
Wonderboom-Suid, Pretoria
Takkode: 334 645
Rekeningnommer: 90 7390 2771.

Tjeks, uitgemaak aan die Stigting vir Gereformeerde Literatuur, kan aan die voorsitter, dr AH van den Bout oorhandig of aan die administrasie-adres van *Waarheid en dwaling* gestuur word. Die adres is: *Waarheid en Dwaling* (administrasie), Posbus 31712, Totiusdal 0134.

Namens die Stigting,
Eindredakteur

PERSSKOU

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

Regte medisyne

In *Die Kerkblad* van 30 Januarie 2002 wy prof. GJC Jordaan sy redaksionele artikel aan 'n Godsdienst-Aktueel bydrae van dr Isak Burger van die AGS wat op 14 Januarie in *Beeld* verskyn het. Prof. Jordaan beaam sekere 'in-die-kol opmerkings' wat dr Burger oor gesag en die uitleef van Gods Woord gemaak het. Prof. Jordaan maak ook enkele voetnoot-opmerkings wat besonder relevant is.

Waar moet die kerk begin om die Bybel en die waarheid daarvan te verdedig? ... As die kerk die waarheid en gesag van die Bybel wil verdedig, moet dit in die heel eerste plek weer die tug suiwer, toegewyd en met liefde begin toepas.

Toe ons belydenis van geloof afgelê het, is elkeen van ons immers gevra: Belooft u dat u u aan die Christelike vermaning en tug sal onderwerp as u in leer of lewe u misgaan? Hierop het ons elkeen 'ja' geantwoord.

Ook ouderlinge en diakens word by hulle bevestiging telkens plegtig gevra: Belowe u om u aan die kerklike vermanings en tug te onderwerp as u miskien in leer of lewe afwyk? Die antwoord is klokslag 'ja'.

Dieselfde vraag word aan elke predikant (en professor in teologie) gevra wanneer hy in sy diens bevestig word. Elkeen het hierop 'ja' geantwoord.

Dit is dus geen skande om vermaan te word of voorwerp van die tug te wees nie. Wat wel onaanvaarbaar is, is as jy jou nie daaraan wil onderwerp nie. Nog minder aanvaarbaar is wanneer die kerk nie met die tug optree wanneer iemand in leer of lewe afwyk nie.

Kortom: die kerk wat sy roeping tot tug liefdevol, getrou en ywerig nakom, basuin aan die wêreld uit dat hulle God se gesag aanvaar en dat hulle hulle aan sy Woord onderwerp. Hoewel nie sondeloos nie, is die kerk dan toonbeeld van kinders wat na hulle Vader in die hemel luister en Hom wil gehoorsaam. Hulle wys aan 'n skeptiese wêreld dat God en sy Woord nie ligtelik opgeneem kan word nie en dat ons wel erns moet maak met sy gesag.

'n Laaste voetnoot: Natuurlik staan God se almag en gesag vas oor alles en almal, selfs al erken hulle dit nie. God se gesag en

die gesag van sy Woord is nie afhanklik van wat mense sê nie. Daarom is die Bybel se gesag nie beperk tot hulle wat dit as gesagvol ervaar en erken nie. Wat God sê, sê Hy met absolute gesag vir almal. Hy is immers die Here van almal, of hulle dit wil erken of nie. Die kerk is slegs hulle wat die genade ontvang het om God as die Here te leer ken en Hom as Here te dien en te vrees. Ook om Hom as Here aan die wêreld te verkondig. Dit is ons vreugde. Dit is ons roeping. En die begin van hierdie roeping lê by die tug.

Inderdaad relevante voetnoot. Veral gegewe ons kerklike omstandighede. Menings oor fundamentele sake soos Skrifbeskouing en Skrifhantering, die viering van nagmaal, die plek van die vrou in die kerk en die kerklied loop in vele opsigte skerp uiteen. Daarvan getuig artikels in kerklike tydskrifte, boeke uit die penne van gereformeerde teoloë, asook seminare en werkwinkels wat gehou word. 'Die stem van Potchefstroom', as sou dit 'n eensluidende gereformeerde stem wees, is geensins so eensluidend soos dit moet wees nie.

Wat staan ons te doen? Of soos prof. Jordaan vra: Waar moet die kerk begin om die Bybel en die waarheid daarvan te verdedig? Die antwoord is tereg: terug na die begin, na die wortels van ons kerkwees. 'As die kerk die waarheid en gesag van die Bybel wil verdedig, moet dit in die heel eerste plek weer die tug suiwer, toegewyd en met liefde begin toepas.' Dit sluit leertug in.

Op die basis van die Skrif en die belydenis moet ons mekaar hartgrondig kan aanspreek indien ons meen dat daar van die suiwer pad afgedwaal word. Sonder om meerderwaardig te kritiseer. Ook sonder om gevoelsmatig en kleinserig te verdedig as jy aangespreek word.

So moet alle Woordbediening, lesings, seminare en geskrifte van watter aard ook al getoets word aan die maatstaf van Gods Woord. As dit nodig blyk te wees, moet die ordelike kerklike weg bewandel word om leerdwaling aan te spreek en uit die weg te ruim. Sodat voorkom word dat die gereformeerde kerkjeug ook by 'n punt kom om te sê: 'Al wat ek elke dag om my sien, is 'n paar bygelowe en vreemde rituele deur mense wat hulself Christene noem'.

Professore Fika J van Rensburg (PU vir CHO), Pieter de Villiers (Stellenbosch), Jan van der Watt (Pretoria) en Hermie van Zyl (Vrystaat) het onlangs die volgende verklaring gemaak:

Hiermee wil ons as Nuwe-Testamentiese navorsers graag na aanleiding van die onlangse mediaverslaggewing oor 'n nuwe hervorming, die Jesus Seminaar en navorsing oor die historiese Jesus die volgende verklaring as getuienis uitreik:

Die Nuwe-Testamentiese wetenskap het die afgelope drie eeue wêreldwyd talle nuwe insigte oor die Bybel opgelewer wat van groot waarde was vir die geloofslewe van die kerk. Talle vernuwings in die kerklike lewe kan hierna teruggevoer word. In ons land het die verset van Nuwe-Testamentici teen 'n rassistiese en seksistiese lees van sekere Bybelse tekste byvoorbeeld bygedra tot fundamentele kritiek teen die apartheidsbeleid en tot 'n nuwe besinning oor die toelating van vroue in die amp.

Ons is nou al vir verskeie dekades bewus van die werk van 'n groepie Nuwe-Testamentici in die Jesus Seminaar. Ons het nogtans besluit dat daar belangrike wetenskaplike redes is waarom ons nie by die navorsing van die Seminaar betrokke wil raak nie, alhoewel ons hulle goeie reg tot onafhanklike navorsing op geen manier wil bevaagteken nie.

Hoewel ons by verskeie geleenthede die werk van die Seminaar nagevors het, is ons oortuig dat daar ernstige leemtes in hul werk voorkom. Ons het veral voorbehoude oor hul opvatting van geskiedenis, die waarde wat hulle aan geskiedenis in geloof toeken, hul hipotetiese en onbewysbare historiese rekonstruksies, hul onderlinge botsende beelde van wie Jesus was en hul verwaarlosing van die evangelies self. Ons is ook besorg oor die wyse waarop hulle belangrike historiese gegewens in hul ondersoek buite rekening laat en die onoortuigende grondslag waarop hul datering van buite-Bybelse bronne berus.

Ons bevaagteken die uitsluitlike fokus van die Seminaar op die navorsing van die historiese Jesus en die potensieel nadelige invloed daarvan op die verstaan van geloof. Dit gee aan geloof 'n karakter van prestasie omdat dit impliseer dat die vasstelling en aanbidding van sekere historiese feite geloofsekerheid kan bied.

Ons verwerp die manier waarop die Seminaar 'n skeefgetrekte beeld van die kerk voorhou en die band tussen die teologie en die kerk benadeel asof die kerk lidmate in die duister wil hou en goeie wetenskaplike navorsing vrees. Terwyl dit soms van sekere individue en groepe waar mag wees, en daar inderdaad tye is dat die kerk onverdraagsaam is teenoor wetenskaplike werk, is daar genoeg bewyse van die teendeel ook. Die kerk neem dikwels nuwe insigte van die wetenskap oor (soos in punt 1 reeds genoem). Die bestendige rol van die kerk in wetenskaplike navorsing oor die Bybel blyk die duidelikste uit die nou band en samewerking tussen baie kerklike opleidingsinstellings en universiteite.

Ons bevestig dat ons die kerklike aanvaarding van die Bybel as unieke grondslag vir geloof in God en Jesus Christus deel. Ons glo dat daar oortuigende redes is waarom vroeg-Christelike kerke sekere buite-Bybelse boeke nie wou aanvaar nie. Al is die Bybel nie 'n historiese handboek nie, aanvaar ons dat die getuienisse van gelowige Bybelskrywers 'n histories betroubare beeld van Jesus weerspieël. Terwyl die studie van buite-Bybelse geskryfte waardevolle insigte in die lewe van die vroeg-Christelike

kerk kan lewer, is ons oortuig dat die Bybel self voldoende grondslag bied om sinvol en met vertroue oor Jesus na te dink.

Die maniere waarop oor God en gebed gepraat is in die teologiese wetenskap en in die kerk, kan nie gestereotipeer word asof die wetenskap en die kerk 'n kruipende geloofshouding teenoor God as 'n streng Vaderfiguur voorgestaan het nie. Ons is oortuig dat die Nuwe Testament self na gelang van konteks op verskeie verrykende maniere oor God en gebed praat. Hierdie sienings van God in die Bybel kan inderdaad skewe denke oor God en gebed, asook oor ander kontemporêre sake korrigeer. Sulke vernuwende denke word reeds in die Nuwe-Testamentiese wetenskap bespreek en het ons ondersteuning. Ons verwerp die implikasie dat die Jesus Seminaar tans dié bron van nuwe denke is of dat slegs buite-Bybelse bronne sulke denke moontlik maak. Só 'n siening pleeg 'n onreg teenoor baie navorsers wat vernuwend wil werk en dit misken die ryke verskeidenheid van insigte in die Bybel oor hierdie sake.

Ons bevestig dat ons nie 'n fundamentalistiese siening van die Bybel onderskryf nie. Dit is juis een van die redes waarom ons krities staan teenoor die Seminaar. Ons is oortuig dat die werk van die Seminaar wesenlik fundamentalisties is omdat dit 'n historistiese benadering tot die Skrif kanoniseer en alle teologiese werksaamhede en uitsprake daaraan meet.

As 'n mens enigsins die kerklike pers en ook die dagpers van die laaste maande dopgehou het, het dit duidelik geword hoe warm die debat rondom die historiese Jesus by tye geword het. Uit bogenoemde verklaring word dit duidelik dat die Jesus Seminaar in alle opsigte reusetreë teruggee ten opsigte van die gereformeerde belydenis en teologie. Alles wat ons op grond van die Skrif van Jesus Christus as Middelaar en Verlosser glo en bely, word onderstebo gegooi en verwerp as 'fundamentalisme'. Met nuwe insigte vanuit buite-Bybelse bronne word 'n nuwe Jesusbeeld opgetoor.

Die verklaring van die professore, waarin hulle hulle teen die opvattinge en uitsprake van die Jesus Seminaar uitspreek kan dus nie anders as belangrik en noodsaaklik wees nie. Die reusetreë terug kan immers nie goedsmoeds aanvaar of ongesiens van kennis geneem word nie.

Wat is egter die kommer oor die verklaring van die professore? Ek beperk my tot twee hoofsaake.

Die professore verklaar: 'Al is die Bybel nie 'n historiese handboek nie, aanvaar ons dat die getuienisse van gelowige Bybelskrywers 'n histories betroubare beeld van Jesus weerspieël'. Dit rym nie met Artikel 3 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis nie, waar 'ons bely dat hierdie Woord nie deur die wil van 'n mens gestuur of voortgebring is nie, maar die heilige mense van God het dit, deur die Heilige Gees gedrywe, gespreek, soos die heilige Petrus sê (2 Petrus 1:21'. Indien dit waar is dat die Skrif 'n versameling van menslike getuienisse is, het die lede van die Jesus Seminaar 'n voet om op te staan. Want dan moet die saak uitgemaak word wie se getuienis die betroubaarste is: dié van die Bybelskrywers of dié van die buite-Bybelse skrywers. Wie gaan finaal en met gesag daaroor oordeel? Intussen is die waarheid dat die Skrif geen getuienis van Bybelskrywers oor God is nie, maar dat dit van begin tot end Woord van God is wat deur mense geskryf is. Juis omdat die Skrif Woord van God is, is dit die enigste

betroubare bron waaruit ons Jesus Christus ons Verlosser leer ken en liefhê.

Die professore verklaar verder: 'Die Nuwe-Testamentiese wetenskap het die afgelope drie eeue wêreldwyd talle nuwe insigte oor die Bybel opgelewer wat van groot waarde was vir die geloofslewe van die kerk. Talle vernuwings in die kerklike lewe kan hierna teruggevoer word. In ons land het die verset van Nuwe-Testamentici teen 'n ... seksistiese lees van sekere Bybelse tekste byvoorbeeld bygedra tot ... 'n nuwe besinning oor die toelating van vroue in die amp'. Dit is 'n mond vol. Die kritieke vraag ten opsigte van genoemde 'vernuwing' is of dit die toets van die Skrifte deurstaan. Verskeie nasionale

sinodes van die Gereformeerde Kerke (onder andere 1988 en 2000) het gehandel met die 'nuwe insigte' oor die toelating van vroue in die amp. Die argumente is geweeg – en te lig bevind.

Wat is die slotsom waartoe 'n mens ten opsigte van die verklaring van die professore kom? Dat hulle in sekere opsigte 'n sterk saak uitmaak teen die reuse treë wat die lede van Jesus Seminaar terug gee. Maar dat hulle in ander opsigte eweneens radikaal wegbeweeg van die gereformeerde belydenis. In geheel gesien word die vloedgolf van Skrifkritiek nie op so 'n manier gestuit nie. Inteendeel. Effektief word daar met die vloedgolf saamgeswem. En dit is lewensgevaarlik.

GEBED VAN CALVYN¹

'n Gebed na aanleiding van 'n Skrifstudie oor *Jeremia 17:15-21* en dan veral vers 20:

'Hoor die woord van die HERE' ...

Almagtige God,

U het voorheen u profete gestuur, maar U wil ons ook tans nog elke dag u wil laat verkondig. Verleen ons dan nou u genade, sodat ons leer om ons in gehoorsaamheid aan U te onderwerp en met sagmoedigheid u juk te dra. Gee, dat U by ons die ware eerbied vir u heilige Woord vind en dat ons onself aan U onderwerp, solank as wat U deur die mond van mense tot ons spreek, tot ons eindelijk in die lig van u heerlijkheid volkome saligheid ontvang. Dan sal ons u heerlijkheid van aangesig tot aangesig aanskou, ja, U self hoor spreek en in die verneem van u stem die salige rus vind, waarop ons deur Christus, ons Here, hoop.

Amen

1 Vertaal in Afrikaans deur mev. R Botha vanuit die Nederlandse teks van die hand van ds AG Barkey Wolf, uitgegee in 1940 deur DA Daamen, Den Haag.



My tye is in U hand - dertig preke van Prof L Floor. Tema: God is altyd daar want ons lewe, ons tye is in sy heilige hand - R59.95

Heilig vir die Here - tien preke van ds Gerard Meijer oor die amp van alle gelowiges - R33.00

Jona en Haggai - twaalf preke van ds Hennie Momberg oor die boeke Jona en Haggai - R33.00

As daar lig is, is daar vrug - agtien preke van ds Petrus Venter oor Rut, Daniël en Maleagi - R33.00

DIE LEWE NA DIE DOOD

Wat sê die Bybel?

En as ek sterwe? deur ds Hennie Momberg is 'n troosryke begeleiding vir die wat met die dood gekonfronteer word - R 39.95



FOLMER BOEKHANDEL

Posbus 11607, Queenswood 0121

Telefoon 012 329 0031

Faks 012 329 5927

E-pos iti03960@mweb.co.za